Die Waarheid omtrent "Kerk"

Daar is niks wat ons kan doen om enigsins meer toegang tot God te verkry as wat alreeds vir ons in Christus Jesus verkry is nie. (Heb 10:19) Hoekom voel sommige dienste dan asof ons in die hemel saam met die Here is, en ander weer asof God baie ver is? Die geheim lê opgesluit in ons begrip van wat kerk werklik is. In die OT moes die Priester allerhande offers doen om in God se teenwoordigheid te kan kom, want God se teenwoordigheid het beteken: Sy aanvaarding; Hy is tevrede met ons offer; ons sonde is vergewe; ons is geseënd! In die NT het Jesus ons hoë Priester alles vir ons bekom en Sy lewe vir ons gegee as offer vir ons sonde sodat ons nou met vrymoedigheid in Sy teenwoordigheid kan ingaan. So wat is die probleem?

Eenheid

with one accord, *homothumadon* (hom-oth-oo-mad-*on*); Strong's #*3661*: Being unanimous, having mutual consent, being in agreement, having group unity, having one mind and purpose. The disciples had an intellectual unanimity, an emotional rapport, and volitional agreement in the newly founded church. In each of its occurrences, *homothumadon* shows a harmony leading to action.

Die boek van Handelinge openbaar baie duidelik die geheim tot God se glorie – eenheid. Hulle was eendragtig bymekaar in gebed toe God sy Gees uitstort. (Hand 1:14; 2:1) Die 2de uitstorting van die Gees was dit weer die geval. (Hand 4:24) Dit het ook nie gebly by die samekoms nie, die gemeente het eenheid beleef. (Hand 4:32; 5:12; Selfs die skares wat geluister het, het saamgewerk in eenheid. (Hand 8:6) Die eenheid was standhoudend want baie jare later was hulle weer eendragtig bymekaar in gebed toe die Heilige Gees hulle lei om Paulus en Barnabas af te sonder. (Hand 15:25) Dit is dan sekerlik die rede hoekom Paulus telkemale die gemeenste oproep om eengesind te wees:

1 Korintiërs 1:10 *Broers, ek wil julle baie ernstig vra ter wille van ons Here Jesus Christus dat julle moet saamwerk. Daar moet nie dwarstrekkery onder julle wees nie. Sorg dat julle saamstem oor hoe julle dinge moet benader en wat julle moet doen.* Lewende Bybel

2 Korintiërs 13:11 *Broers, ek sluit nou die brief af. Julle moet gelukkig bly. Hou aan om te groei in die geloof en luister na my raad. Julle moet in vrede met mekaar saamwerk. Dan sal God, wat ons liefhet en vir ons vrede gee, by julle bly.*

Ons moet onthou dat eenheid word nie nagejaag nie, nee eenheid word behou en gekoester. Efesiërs 4:3 *Die Heilige Gees verbind ons aan mekaar en gee ons eenheid, maar julle moet moeite doen om* ***die eenheid te beskerm*** *en in vrede met mekaar te lewe.*

Wie en wat is kerk?

The word "church" in the New Testament comes from the Greek word, ekklesia, which means "to call out." The "ecclesia" in the time of Jesus was a governmental body of the Roman Empire. Every person in the Judea would have totally understood this term. The reason why they would understand this term is that every one of them without exception was subject to the Roman "ecclesia". When The Roman Empire took over a country they would establish "ecclesia"; a called out, governing body of authority. It would be a ruler-ship group of people that were called out under the dominion of Rome to institute the will and demands of The Roman Government. The "ecclesia" was responsible for training and equipping the new citizens, or servants with the will, rights, and privileges afforded to them by Rome.

NT Kerk is dus nie 'n organisasie en institusie van 'n mens nie. (Heb 12:21-Gal 4:21-31) God bepaal wie Sy liggaam/kerk is deur ons te roep tot sy Priesterdom. (1 Pet 2:9) Ons kan dus nie deel word van sy liggaam/kerk/priesterdom/koninkrykburgerskap/bruid sonder dat Hy ons daarvan deel maak nie. Hy doen dit by wedergeboorte. (1 Pet 1:23; Efe 2:19-22)

Ons kan dus nie lidmate word van 'n kerk sonder om eers lede te word van Sy liggaam nie. Hierdie lidmaatskap is 'n geestelike lidmaatskap en 'n gebeurtenis in ons hart. Wat Aardse gemeentes en kerke betref: Hulle is bloot 'n aardse verteenwoordiging en ingang tot die hemelse kerk. Ons het hierdie aardse deelname nodig om ons outoriteit op aarde te gee. Jan Oosthuizen moes sterf en sy lewe vir God gee om sodoende kind van God te word en deel van die hemelse familie; maar ek het nie in die proses my ID boekie weggegooi nie. Ek het nog die aardse liggaam nodig om te kan beweeg en te funksioneer op aarde, maar hierdie liggaam, denke, wil, emosies en ledemate is nou onder Sy beheer. So moet ons deel wees van 'n gebroke en feilbare aardse liggaam/gemeente/kerk om sodoende "saam" God op aarde te verheerlik. Want geen mens alleen sal en kan ooit die volheid van Christus op aarde verteenwoordig nie. None of us have it all together but together we have it all, and do we display the genius of God to the Earth. (Mat 16:18; Efe 3:10)

Kerk in drie dimensies.

Daar is drie verse in die NT wat verklaar dat ons die tempel van die Heilige gees is. (1 Kor 3:16; 6:19; 2 Kor 6:16) Wanneer 'n mens hierdie skrifgedeeltes in konteks lees dan praat Paulus elke keer met 'n ander gehoor. In 1 Kor 3:16 praat Paulus met die Korinte gemeente oor sektarisme en divisie. M.a.w. die kerk in die lokaliteit. By 1 Kor 6:19 praat Paulus met die individu wat hoereer. In 2 Kor 6:16 praat Paulus weer met die gemeente van Korintiërs, maar eintlik is hy besig om met die universele kerk te praat om hulle te weerhou van afgodery en heilig te wees.

By die Fees van Tabernakels lig die Priester 'n Etrog (citrusvrug) in sy hand op, en wys dit in die vier windrigtings, hemel en aarde en verklaar die heerskappy van God oor alles. 'n Citrus is 'n unieke vrag want dit is 'n sel binne 'n sel, binne 'n sel. Die Jode verduidelik dat die Etrog 'n simbool is van kerk – Jood en heiden saam verenig in 'n nuwe entiteit.

Kerk is dus: Jy as individu. Maar jy is deel van 'n liggaam in jou lokaliteit of dorp, en saam is ons kerk in die universele liggaam. Wanneer ons die een misken is daar nie meer eenheid nie. 'n gemeente waar mense lidmate is sonder dat hulle waarlik weergebore is lei tot sakralistiese sisteem. 'n Gemeente wat hulself isoleer van die groter liggaam van Christus staan die gevaar om sektaries te word. 'n individu wat hom of haarself van 'n lokale liggaam isoleer is sonder beskerming en veiligheid. Elke gelowige moet hom/haarself onderwerp en deel wees van 'n liggaam wat nie perfek is nie, want in die proses groei ons geestelik. Om vir welke rede jouself te isoleer is 'n vorm van trots en meerwaardigheid, en 'n soeke na eie gewin. (Spr 18:1) Die groei vind plaas wanneer ons deur ons verskille werk, en voortdurend kies om by mekaar bly.

Skeiding van iemand in die kerk word net geregverdig as daar sonde is en die persoon dit nie wil erken of bely nie. (1 Kor 5:11-13) hulle wat divisie veroorsaak. (Rom 16:17; 2 Tes 3:6)) en as iemand 'n valse leer verkondig. (1 Tim 6:3-5; Tit 1:10-11; 2 tes 3:14-15)

Wanneer gebeur kerk?

Ons weet dat die NT idee van kerk nie 'n organisasie is nie. Kerk gebeur wanneer ons byeenkom. Kerk is samekoms!

Die eerste plek waar God kies om met die gemeente te ontmoet word genoem die tent van samekoms! (Eks 27:21) Hierdie gebou was 'n tydelike struktuur wat vinnig afgeslaan kon word en agter God se teenwoordigheid (wolk en vuurkolom) aanbeweeg het.

Die kleinste vorm van kerk? Waar twee of drie in Sy naam vergader is. (Mat 18:20) Die fokus is samekoms, maar dis 'n ander tipe samekoms. 'n Samekoms in die gees met 'n God wat Gees is. Dis nie 'n samekoms met 'n skere uitgewerkte program nie. Dis 'n samekoms van die Gees. Die Heilige Gees is die voorsitter wat die vergadering reël en bestuur volgens die Eienaar (Vader) se begeerte en wil.

Wat is die Agenda van hierdie samekoms? (1 Kor 14:26) *Broers, hoe moet 'n mens dan maak? As julle bymekaarkom, kan dit gebeur dat elkeen iets doen—want die een het 'n lied en 'n ander een wil weer die gemeente iets leer uit die Skrif of in 'n taal praat, of iets vertel wat God vir hom gewys het of iets verduidelik. Maar alles moet so gedoen word dat dit die gemeente kan help opbou.*

Daarom het God die Heilige Gees gegee en die Heilige Gees vir ons sekere gawes, om mekaar te bedien en op te bou in die geloof. (Rom 12:3-8; 1 Kor 12 en 14) Vir ons dienste om weliswaar geestelik te wees moet ons kom en mekaar bedien met die geestelike gawes wat ons ontvang het! Soos wat 'n orkes saamspeel, en mekaar 'n beurt gee om te lei, en mekaar ondersteun en nie oordonder nie, so moet die werking van die Gees in die byeenkoms wees.

Verskillende tipe samekomste:

Lofprysing: (2 Kron 20:26; Heb 2:12; Ps 26:12; 111:1; 84)

Fees: (Heb 12:22; Jes 33:20)

Lering: (Hand 11:26)

Gebed: (1 Tim 2:8)

Nagmaal: (Hand 2:42; 20:7)

Lees die Woord: (Neh 8:19)

God se heerlikheid is vir ons toeganglik gemaak deur Jesus Christus. Ons het nie kerk nodig om toegang te verkry nie. Maar Kerk is die plek waar God Sy teenwoordigheid wil manifesteer. Genesing, vrede, voorsiening, krag, bemoediging, troos, korreksie, lering, en nog baie meer is alles te kry wanneer 'kerk' byeenkom vir 'n samekoms!!!

Die tradisionele kerke het hierdie heerlikheid verarm en gereduseer tot ’n samekoms van rituele; en mense programme. Vir baie mense is die idee van kerk, vervelig, dooierig, geveins, onnatuurlik en geforseerd. Terwyl God dit bedoel as Sy feesmaal met ons. Waar Hy saam met ons kan feesvier in Sy glorie!

Wat is die Kern?

Dit is ’n kwessie van gesindheid.

Wanneer my gesindheid teenoor iemand in die liggaam draai, kan ek nie meer God se heerlikheid deur daardie persoon ontvang nie. Wanneer my harte en gesindheid negatief draai teenoor ’n gemeente kan ek niks van die gemeente meer ontvang nie. Die eenheid wat God sien en soek is nie die eenheid van getalle en net bloot saamwees nie, dis ’n eenheid van die hart. Maak dus seker dat jy nie vasgevang raak met “ offenses” en “bitterheid” nie. Moenie na mense kyk vir jou redding nie. God is ons redding, maar Hy gebruik mense soos Hy wil!